

Inhoud Hierdie preek wys dat die Here Jesus die Saaier is wat ons oë, ore en harte oopgemaak het vir sy lyding en opstanding vir sondears sodat ons Hom aanbid as God met ons. Hoe geestelikes in hulle geestelikheid skielik opkom en verdwyn is omdat hulle nie die evangelie hoor en glo nie, dit is nie omdat Jesus nie alle mag op hemel en aarde het om die Christus vir ons te wees nie. Jesus is nie God se party-organiseerder vir massabyeenkomste, God se bemarkingsagent of God se generaal wat vromes teen goddeloses aanvoer nie. Hy is die Christus, God met ons.

Skriflesing Matteus 3: 1, 2, 12; 13: 1 – 23; 28: 18 – 20.

Teks Mat. 13: 23 “ Die saad wat egter op die goeie grond gesaai is, dit is hy wat hierdie woord hoor en begryp. En hy dra vrug!”

Tema Christus laat ons God se Woord hoor, begryp en laat ons vrug dra.

1. Hoe lyk die gemeenskap waarin Jesus Christus met alle mag regeer?

Dit is wat die Here Jesus aan sy kerk in die gelykenis van die Saaier openbaar. Die Jode het verwag dat met die Messias, die Christus se koms, Hy alle mense in die wêreld aan sy mag sal onderwerp en Hy sy volgelinge oor die wêreld en goddeloses sal laat regeer.

Ons hoor iets hiervan in Johannes die doper se bekering en sy persoonlike verwagting van die Messias, die Christus. Ons moet onthou dat Johannes tot en met sy dood nie geweet het dat Jesus Christus sou gekruisig word en uit die dood uit opstaan om só die Here te wees nie.

Met sy oproep tot bekering aan die Jode stel hy dat die Christus die koring in sy skuur sal versamel en die kaf met ‘n onblusbare vuur sal verbrand. So sou die Christus volgens Johannes die bekeerdes bymekaar maak en die goddeloses onderwerp aan God se oordeel. En dit sal die Christus doen met alle mag op hemel en aarde (Mat.28:18) volgens die Dawidsbelofte in 2 Sam. 7 – die Christus sal sy volk rus van hulle vyande gee omdat Hy sy vyande ‘n voetbank vir sy voete sal maak. (Ps. 110: 1)

Hoe wys hierdie “ alle mag op hemel en op aarde” met Jesus se optrede onder die Jode en heidene? In Mat. 10 en 11 stuur Jesus sy dissipels uit om te verkondig dat met sy koms het die koninkryk van God gekom. In Mat.11:20 stel die Here dat die Jode en heidene nie tot bekering gekom het nie: “ Toe het Jesus begin om die stede waarin die meeste van sy kragtige daade plaasgevind het te verwyt omdat hulle nie tot bekering gekom het nie.” Meer nog! In Mat. 12 verwerp die Joodse leiers Jesus as die valse Christus van Satan.

Hulle doen dit omdat Jesus opsigtelik nie alle mag op hemel en aarde het en dit vir almal duidelik is dat Hy dit nie het nie want Hy kry niks reg met sy aanspraak op alle mag op hemel en aarde nie – nie eers die Jode kom tot bekering nie, want nog daarvan dat Hy die goddelose ‘n voetbank van sy voete maak. (Ps.110:1)

Christus laat ons God se Woord hoor, begryp en laat ons vrug dra

Teenoor hierdie verwerping deur die Jode as valse Messias stel die Here Jesus die gelykenis van die Saaier.

2. Jesus Christus openbaar dat Hy alle mag op hemel en op aarde het – om die Saaier te wees. Die Saaier van die Woord van die koninkryk van God.

Wat is die saad van die koninkryk van God?

Dit is die Woord van die koninkryk van God!

En hierdie Woord openbaar die Here Jesus self in sy drie lydensaankondigings aan sy dissipels in Mat. 16: 21; 17: 22, 23; 20: 17 – 29. Die Woord van die koninkryk van God kondig Jesus self aan as die Woord oor sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding waardeur Hy sondaars vir God se liefde reg en heilig maak om God se liefde in hulle harte uit te stort. So doop Hy sy kerk met die Gees soos Johannes die dooper dit aangekondig het.

Hoe saai die Here Jesus Christus hierdie saad?

Christus saai sy koninkrykswoord so dat dit langs die pad val, op rotsagtige plekke val, tussen dorings val maar veral op die saailand wat Hy geploeg en gereed gemaak het. Christus doen niks verkeerd of half wanneer Hy die Woord van sy koninkryk so saai nie. Christus laat alle mense in die wêreld die Woord van sy koninkryk hoor, nie net sekere mense nie. Alle mense hoor dat Christus alle mag op hemel en aarde het om alle sondes vir altyd te vergewe sodat jy vir altyd in God se liefde Hom kan aanbid as Here en God. (Mat. 28: 17)

Die Here saai nie sy Woord in geslote byeenkomste waarin mense die Woord van die koninkryk geheim hou nie. Dit word oor die hele wêreld gesaai, maar dit is bedoel vir die land wat die Here gereed gemaak het vir sy Woord.

Wie is hierdie voorbereide land?

In die eie woorde van die Here is dit hulle aan wie dit gegee is om die geheimenisse van die koninkryk, die lyding, kruisiging en opstanding van die Here, te hoor en te verstaan. Dit is die gawe van die Heilige Gees wat Johannes die dooper aangekondig het en Christus gee - om met jou ore die koninkrykswoord te kan hoor en dit met jou oë te kan sien en met jou hart te kan verstaan sodat jy jou tot die Here Jesus Christus kan keer vir sy liefde as God met ons. (Mat. 13: 16, 28: 20)

Dit is hoe Lukas dit ook in Luk 24:44, 45 berig. Die gawe van die Gees is die Gees wat jou die koninkrykswoord van die Here oor sy lyding en opstanding laat verstaan en glo.

3. So regeer die Here Jesus Christus vandag met al die mag op hemel en aarde wat Hy deur sy lyding en opstanding bewerk het. Hy gee jou die oë wat kan sien, die ore wat kan hoor en die hart wat begryp dat Hy jou reg vir God se liefde maak en God se liefde in jou hart uitstort omdat Hy God met ons is. (Mat.28:20)

Wat is die vrug wat ons in oorvloed dra?

Christus laat ons God se Woord hoor, begryp en laat ons vrug dra

Dit is die aanbidding van Jesus Christus wat God met ons is. (Mat.28:20) Die oes op die goeie grond is om God te aanbid in die liefde wat Hy vir ons as sondears het. Om Hom as god in liefde met ons te vertrou.

Wat is die oordeel oor die goddelose wêreld? Christus is nie vandag besig om die eindoordeel van God oor goddeloses te voltrek nie, maar Hy is nou besig om goddeloses te oordeel. Dit doen die Here deur nie vir hulle die gawe van die Gees te gee nie sodat hulle siende blind bly en horende doof bly.

Siende blind en horende doof is hulle die pad waarop die Woord van Christus se lyding en opstanding val. Hulle hoor en sien maar die Bose vat dadelik die evangelie in hulle weg en maak vir hulle Jesus die Christus van Satan, die valse Christus. (Mat. 4: 1 – 11) Horende doof en siende blind is hulle bly omdat hulle glo die evangelie maak hulle gelukkig, maar sodra hulle gehoorsaam moet wees glo hulle nie meer die evangelie nie. Net so is hulle horende doof en siende blind want hulle soek voorspoed in die evangelie en as hulle voorspoed verwerp hulle Christus.

Hoe die wêreld reageer op die Woord van die Saaier is nie die bewys van die kragteloosheid van die Saaier nie. Omdat goddeloses dadelik die evangelie verdraai as 'n woord van God wat jou wys hoe jy so kragtig en gesagvol soos Jesus kan wees, is nie die bewys dat Jesus nie alle mag op hemel en aarde het om ons vir God se liefde reg te maak nie. Omdat goddeloses die evangelie hoor as 'n manier om gelukkig en vrolik te wees en Jesus Christus verwerp wanneer hulle volgens die eise van die Here moet leef, ontmagtig Christus nie om met alle mag gelowiges Hom te laat aanbid nie. Omdat goddeloses voorspoed en welvaart soek in die Woord van die koninkryk en Jesus as Christus verwerp wanneer hulle siek en behoeftig word, is nie die bewys dat Jesus nie alle mag op hemel en aarde het nie.

Want Hy laat met hierdie mag hulle wat Hy vir sy Woord voorberei Hom as Here en God aanbid.

4. In hierdie gelykenis openbaar Jesus Christus Homself as die Saaier van die Woord van God. Die Woord oor sy lyding en opstanding. Hyself berei sy saailand voor en saai saad op hierdie goeie grond. Hyself saai sy woord oor die hele wêreld op alle mense.

Hoe die saad langs die pad val, op rotsagtige plekke en tussen dorings groei, wys nie Jesus Christus se onmag nie, nog minder wys dit dat die kerk van die Here 'n mislukking is.

Wanneer goddeloses die evangelie in hulle boosheid die evangeliewoord van die Here se lyding en opstanding verloor in hulle nabootsing van Jesus, het die kerk nie skielik verdwyn of verval geraak omdat die kerk nie hulle voorbeelde gedienstig is nie. Die kerk bly hulle wie die Woord van die Here se lyding en opstanding hoor en sien en glo. En hulle dra die vrug van aanbidding.

Wanneer goddeloses die Woord van die koninkryk 'n boodskap van geluk en plesier maak, en hulle geluksgodsdiens kwyn, kwyn die kerk van die Here nie saam met hulle nie. Hulle hoor, sien en aanbid.

Christus laat ons God se Woord hoor, begryp en laat ons vrug dra

Wanneer goddeloses die Woord verdraai om 'n voorspoedsgodsdiens te word en hulle geloof verstrik word wanneer hulle swaarkry en verliese moet dra ter wille van hulle geloof en gehoorsaamheid, raak die kerk van die Here nie saam met hulle aanbiddingsloos nie. Die Here se kerk dra vrug deur druk en swaarkry heen.

Daarom mag gelowiges nooit na die tipe goddelose preke van geestelikes luister wat maak asof dit die kerk van die Here is wat nie die Woord van die koninkryk hoor of sien of begryp nie. So preek geestelikes hulle boodskap van Jesus as voorbeeld van hulle spiritualiteit terwyl hulle nie in Hom as Here glo nie, soek hulle geluk en voorspoed en nie aanbidding nie en maak asof dit die kerk is wat nie God se Woord hoor, sien of verstaan nie. Dit is omdat ons die Woord hoor en sien en glo dat ons hulle geestelike idees, ervarings en visies verwerp. Ons is die kerk wat die Here as God aanbid.

5. Die Here Jesus is vandag die Here wat met alle mag op hemel en aarde die Saaier van die Woord van die koninkryk van God is.

Jesus Christus is nie God se party-organiseerder wat met massa byeenkomste mense oortuig om vir God te stem nie. Vir God te stem as draer van hulle visies en missies, as waarborg van hulle gelyk en voorspoed nie. Die Here Jesus organiseer nie "Ja-stemme" vir God nie. Hy is die Saaier. Hy open sy kinders se oë, ore en harte om God se liefde in sy lyding en opstanding te vind en in sy liefde God te aanbid.

Jesus Christus is nog minder God se groot bemarkingsagent. Hy maak nie sy kinders die advertensies van hoe God mense spiritueel, gelukkig en voorspoedig maak nie. Jesus bedryf nie goddelikheid en geestelikheid as God se groot saak in die wêreld waardeur God Homself magtig en invloedryk maak nie. Hy is die Saaier wie sondaars se oë, ore en harte oopmaak om God se liefde vir sondaars te begryp in sy liefde Hom as God met hulle te aanbid. (Mat. 28: 18 -20)

Nog minder is Jesus Christus God se groot generaal wat die vroom massa aanvoer in die stryd teen die goddelose massa. Jesus Christus het nie alle mag op hemel en aarde gekry om goddeloses met geestelike of staatsgeweld te onderwerp nie. Dit is die Christus van Satan. (Mat. 4: 1 – 11) Jesus Christus is die Saaier. Hy laat ons die vrug dra om Hom as God met ons te aanbid, in 'n wêreld waarin sy Woord langs die pad, op rotsagtige plekke en tussen dorings verlore raak.

Ons as kerk mag nooit dat goddeloses ons onself moet inkeer in vertwyfeling en ons eie binnegoed moet uit grou om ons self te ondersoek oor watter tipe grond ons is nie omdat ons nie deel van hulle mag, geluk en voorspoed geestelikheid is nie.

Die Here Jesus is die Saaier wat ons oë, ore en harte oopgemaak het vir sy lyding en opstanding vir sondaars en ons aanbid Hom as God met ons. Hoe geestelikes in hulle geestelikheid skielik opkom en verdwyn is omdat hulle nie die evangelie hoor en glo nie.